NUUS | SAOU | NEWS

EASTERN CAPE | OOS-KAAP

E-Nuus/News 07/2017

28/02/2017

041 364 0500 / 1 041 364 0510
saouok@saou.co.za www.saou.co.za



2017 POSTEVOORSIENING

Die SAOU (Oos-Kaap) wil graag die volgende belangrike aspekte rakende die 2017-Postevoorsieningbestuursplan onder lede se aandag bring:

1. Die appèlproses sluit 28 Februarie 2017.
2. Alle skole wat nog nie 'n appèl ingedien het nie, moet dit asseblief so spoedig moontlik indien. Die riglyne vir dié tipe appèl is saamgevat in HRM-instruksie 2/2016.
3. Die hoofdoel van elke Distrikstaakspan met die appèlproses is hoofsaaklik om op grond van alle appèlaansoeke wat ontvang word, 'n aanbeveling aan die Provinsiale Taakspan te doen.
4. Die Provinsiale Taakspan sal op 6 Maart 2017 om 14:00 vergader om alle appèlaansoeke wat van Distrikstaakspanne ontvang is, te oorweeg vir goedkeuring.
5. Die SAOU is ten volle bewus van alle bekommernisse en probleme rondom die Postevoorsiening in die Oos-Kaap, en sal teenwoordig wees by 'n tweede Fasiliteringsproses op 8 Maart om hierdie probleme aan die Departement te opper vir moontlike oplossings. **(Dit sluit die IIAL-poste, Graad R-poste, Remediëringsposte, Bulletin 4/2016, Leerdergewigte, ens. in.)**

2017 POST PROVISIONING

The SAOU (Eastern Cape) would like to bring the following important aspects, regarding the 2017-Post Provisioning Management plan, to the attention of our members:

1. The appeal process closes 28 February 2017.
2. All schools that have still not handed in their appeals, must please do so as soon as possible. The guidelines for the appeal types is compiled in HRM-instruction 2/2016.
3. The main goal of each District team with the appeal process is mainly on the grounds of all appeal applications that are received to give recommendations to the Provincial Task Team.
4. The Provincial Task Team will meet on 6 March 2017 at 14:00 to consider approval of all the appeal applications that have been received by District Teams.
5. The SAOU is fully aware of all the concerns and problems surrounding the Post Provisioning in the Eastern Cape and will be present at the second Facilitation Process on 8 March 2017, to present these problems to the Department for possible solutions. **(This includes the IIAL posts, Grade R posts, Remedial Posts, Bulleting 4/2016, Weighted Learners, etc)**

SA-SAMS

Verwarring heers tans oor die gebruik van SASAMS by skole. SASAMS is blykbaar voortydig verander alvorens beleidsveranderinge ten opsigte van die kurrikulum, amptelik deur die Departement van Basiese Onderwys afgekondig is. Gevolglik is skole in die duister ten opsigte van wat gedoen moet word: "Die kurrikulumvoorskrifte, of die SASAMS-program?"

Volgens onbevestigde inligting sal SASAMS binnekort terug verander word na die 2016-weergawe. Sodra daar duidelikheid is, sal die SAOU u inlig.

SA-SAMS

There is currently confusion regarding the use of SASAMS at schools. SASAMS has apparently changed prematurely before policy changes with regard to curriculum has officially been announced by the Department of Basic Education. Consequently, schools are in the dark with regard to what must be done: "The curriculum prescriptions or the SASAMS programme?"

According to unconfirmed information, SASAMS will soon change back so that the 2016 version will be valid again. As soon as there is clarity, the SAOU will inform you.

DOKUMENTASIE TEN OPSIGTE VAN AANSOEKE

Die SAOU wil graag die volgende belangrike inligting onder lede se aandag bring:

1. Wanneer u aansoek doen vir onderwysposte of as nasiener, moet u asseblief noukeurig let op alle dokumente wat vereis word, byvoorbeeld gewaarmerkte afskrif van…
   - Matrieksertifikate.
   - All ander akademiese kwalifikasies.
   - Vakverklarings indien die vakke nie op die graadsertifikaat gedruk is nie.
   - Huweliksertifikate indien u van verander het, en of ‘n egskeidingsbevel.
   - Identiteitsdokument of paspoort.
   - RAVO-sertifikaat.
   - Bewys van registrasie by SARS.
   - Werkpermit indien u ‘n buitelander is.
   - Bankbesonderhede.
   - Enige ander dokument.
2. Maak asseblief seker dat elke aansoekvorm onderteken is. Slegs oorspronklike handtekeninge word aanvaar.

DOCUMENTATION WITH REGARDS TO APPLICATIONS

The SAOU would like to bring the following important information to the attention of our members:

1. When you apply for a teaching post or to mark matric papers, you must carefully note which documentation is required, for example certified copies of…
   - Matric Certificates
   - All other academic qualifications.
   - Subject statements if the subjects are not printed on the grade certificate.
   - Marriage Certificate if your surname changed or, if applicable, a divorce decree.
   - Identity document or passport.
   - SACE certificate.
   - Proof of registration with SARS.
   - Work permit if you are a foreigner.
   - Bank details
   - Any other documents
2. Please ensure that all application forms are signed. Photocopied signatures are not accepted.

RIGLYNE VIR NASIENERS / GUIDELINES FOR MARKERS

KURRIKULUMSTROME

Die SAOU het besluit om te reageer op omsendbriewe 2/2016 en 28/2016, deur die volgende aanbevelings aan die Superintendent-Generaal te stuur:

1. Daar word aanbeveel dat presterende skole toegelaat moet word om hul eie kurrikulum saam te stel volgens die behoeftes van die gemeenskap, en die beskikbaarheid van hulpbronne.
2. Die Oos-Kaapse Onderwysdepartement behoort nie in te meng en 'n demper te plaas op die ambisies van skole deur die toepassing van 'n beperkende benadering nie. 'n Plooibare benadering is meer wenslik, want gemeenskappe verskil.
3. Die OKOD behoort 'n meer positiewe benadering ten opsigte van kurrikulumkeuses te hê. Die begin van Seevaartstudies in twee skole is lofwaardig, maar baie meer kan gedoen word. Die skep van unieke loopbaangeleenthede in die Oos-Kaap sal help om die migrasie van leerders na ander provinsies teen te werk.

CURRICULUM STREAMS

The SAOU has decided to react on newsletter 2/2016 and 28/2016 and gave the following recommendations to the Superintendent General in this regard:

1. It is recommended that performing schools will be allowed to craft their curriculum according to the needs of the community and the availability of resources.
2. The ECDoE should refrain from intervening and putting a damper on the ambitions of communities with a one-size-fits-all approach. Rather consider an approach of *different strokes for different folks*, because communities differ.
3. The ECDoE should rather have a more positive approach towards curriculum offerings in the Eastern Cape. The introduction of Maritime Studies at two schools is commendable, but much more could be done. Offering unique career opportunities in the Eastern Cape will help to counter migration to other province.